

# **Die Eerste Brief van Johannes: Die vierde vereiste vir kinders van God – om liefde te hê (vervolg) (d) Vrymoedigheid in die liefde (4:17-18) – Francois Malan**

4:17 'Hierin...' kan verwys na 4:16 en/of na die res van 4:17. Met 4:16 beteken dit dat die gemeenskap tussen die mens en God en God en die mens die basis is van die vervolmaking of hoogtepunt van die liefde. As 'n brug tussen v16 en v17 verwys 'hierin' waarskynlik ook na 4:17: wat verduidelik hoe die liefde onder ons vervolmaak word.

In die lig van v16 se wedersydse inwoning 'God in ons en ons in God' verwys liefde hier waarskynlik na God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom en ons medemens. Dat dié liefde vervolmaak is, beteken dat dit sy doel bereik het en tot vervulling en volle uitdrukking gekom het in ons wedersydse en onderlinge liefde.

'Ons sal op die oordeelsdag vrymoedigheid hê...' (vgl. 2:28 vrymoedig wanneer Christus sal verskyn)' – 'hierin,' wat vooruitwys, verduidelik hoe liefde vervolmaak is; verbind met v16 is die vrymoedigheid die gevolg van onderlinge liefde. In 2:5 is die gelowige se gehoorsaamheid aan God se woord die teken dat die liefde van God in hom tot volle uitdrukking gekom het. Hier word vrymoedigheid aan die onderlinge liefde verbind. In 3:23 word geloof in Christus en onderlinge liefde saam verbind aan die inwoning van die Heilige Gees in ons. Die vrymoedigheid voor God op die oordeelsdag behels ook dat ons nou reeds vrymoedig voor God lewe, soos in 2:29 se sekerheid

dat ons uit God gebore is, en 3:21 se vrymoedigheid voor God. Liefde bereik sy doel waar ons nou reeds reg lewe (2:29) en in ons vrymoedigheid voor God op die oordeelsdag.

‘...omdat ons, soos Hy (Jesus) in hierdie wêreld is.’ Dat die vrymoedige gelowige in die wêreld is soos Jesus in die wêreld is, verwys na God wat in ons is en ons in Hom, en daarom deel geword het van sy liefde. Ons moet gehoorsaam God se liefde in hierdie wêreld uitlewe, want die God van liefde is in ons, en ons in Hom (soos Jesus; vgl. Jn 14:10-11 Ek is in die Vader en die Vader in My). Jesus sit sy werk in die wêreld voort deur die Heilige Gees in ons soos blyk uit ons onderlinge liefde en uitreik na die wêreld in liefde soos Jesus.

.

4:18 Die beginsel word eers negatief gestel: ‘in die liefde is daar geen vrees nie’ – positief beteken dit dat ons voor God die vertrouwe en vrymoedigheid van Christus teenoor sy Vader het, omdat God in ons bly met sy liefde en ons lewe in Hom deur Hom en ons medemens lief te hê. Vrees is ‘n toestand van groot benoudheid vir moontlike pyn, gevaar, boosheid of iets dergelyks, wat jou mag tref. Paulus sê: Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie meer in vrees lewe nie...’ (Rom 8:15).

‘In teendeel, volmaakte liefde dryf die vrees na buite;’ as daar ‘n wedersydse verhouding van volmaakte liefde is, van God se liefde vir ons en ons liefde vir Hom, is daar geen rede of plek meer vir vrees nie. Waar dié liefde ten volle ontwikkel, is dit eg en ‘n werklikheid in die lewe van die gelowige. Paulus sê dat die Gees wat ons ontvang het, getuig saam met ons gees, dat ons kinders van God is, wat selfs mét Christus ly sodat ons saam met Hom verheerlik sal word (Rom 8:16-17).

‘want vrees het te doen met straf’ – die gelowige hoef nie te vrees vir die oordeelsdag en ewige straf nie. Die pyn en onsekerheid van vrees versteur ook ‘n egte liefdesverhouding

van wedersydse vertrouwe tussen mense en tussen mense en God..

‘en wie vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.’ Die beginsel ‘daar is geen vrees in die liefde nie’ word hier in persoonlike terme gestel: die persoon wat nog vrees, is nog onvolkome in die liefde. Die gedagte van 4:12 dat die liefde van God volkome uitgewerk word in ons liefde onder mekaar, word hier beperk deur gelowiges wat nog steeds vrees in die teenwoordigheid van God, deurdat hulle nog nie die doel bereik het wat die gawe van God se liefde vir hulle bied nie. Vir so’n gelowige is die pad om hom steeds meer oor te gee aan die liefde van God en vertrouwe op Hom, om met vrymoedigheid voor God te lewe en oop en opreg te wees teenoor ander mense.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

# **Die Eerste Brief van Johannes: Die vierde vereiste vir kinders van God – om liefde hê (vervolg) (c) God in ons, ons in God (4:14-16) – Francois Malan**

4:14 In vers 12 is gesê: niemand het God nog ooit aanskou nie. Soos in 1:1-3, verklaar Johanes hier met klem ‘en ons het dit aanskou...’ dat hulle, die dissipels, wel vir Jesus gesien het as die oorspronklike ooggetuies (vgl. Jn 14: wie My sien, sien

die Vader) en die gevolg daarvan werk nog voort in hulle lewens (dit is die krag van die Griekse perfektum- werkwoord); en hulle getuig steeds dat die Vader vir Jesus gestuur het (ook 'n perfektum wat voortgaande gevolge aandui) as die 'Redder van die wêreld' (Joh.4:42) – Jesus se reddingswerk is bedoel vir die hele wêreld, al is daar slegs 'n klein groepie wat die getuienis glo en gered word. Die woord Verlosser/Redder word in die NT 8 maal van God gebruik en 16x van Christus (in die Romeinse keiserkultus word die keiser as 'redder van die wêreld' geprys). By Johannes kom die begrip 'Redder' vanuit die gedagte van die soenoffer wat Jesus gebring het: Jn 1:29 'daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.'

4:15 Die beskrywing in vs 14 van Jesus as 'die Redder van die wêreld' word hier verduidelik, hoe daardie redding in die kerk en in die gelowige toegepas word: erkenning van Jesus as God, lei tot die wedersydse inwoning van God in sy mense en hulle in Hom.

'Wie ook al (so wyd as moontlik gestel vir die wêreldredder) openlik erken/verklaar dat Jesus die Seun van God is..., ' Die egte belydenis oor Jesus is deur die werk van die Heilige Gees wat God aan die persoon gee (4:2,13; vgl. 1 Kor 12:3). So'n getuienis sit die apostels se 'getuienis' oor Jesus voort in die wêreld. Jesus, as Seun van God, is op unieke wyse aan die Vader verbind (vgl. 4:9 'enigste Seun;' 2:23) en daarom ook die reddingsmiddelaar tussen God en mens.

'...God bly in hom, en hy in God' – so ook in 2:27; 3:24; 4:13,16. Hierdie 'bly' veronderstel 'n persoonlike en intieme verbondsverhouding. Met 'God in hom' ken die gelowige op aarde die krag van God wat in hulle kom bly het, en weet dat dat 'hy in God' is; in 'n ander dimensie betrokke is as kind van die ewige God as sy Vader, wat ons in sy gesin opgeneem het, omdat ons in die geloof aan die Seun van God verbind is. God se krag is liefdeskrag.

4:16 Die gedeelte oor die liefde as dryfveer om lief te hê, sluit met hierdie klimaks af: ons weet ons lewe in die God van die liefde en Hy in ons: 4: 13 want ons het deel aan sy Gees; 4:15 want deur die Gees bely ons dat die Redder van die wêreld die Seun van God is; v16 want ons lewe in die liefde.

Letterlik: 'en ons, ons het tot kennis en geloof gekom van die liefde wat God in ons het.' Die dubbele 'ons' onderstreep dat ons dit persoonlik ken en glo. Die perfektum-werkwoorde 'tot kennis en geloof gekom het' beskryf iets wat in die verlede gebeur het waarvan die gevolge voortgaan – ons liefdesverhouding met God is gebou op geloof in sy reddende werk deur Jesus (4:9). Die eienaardige 'die liefde wat God in ons het' onderstreep dat die God van liefde met sy liefde in ons kom woon het, sodat ons sy liefde onder mekaar sal uitleef.

'God is liefde, en wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.' Dat die wese van God liefde is, word herhaal uit 4:8; dit is die God wat in ons kom woon het. Die wedersydse inwoning van 'ons in God en God in ons,' wat telkens herhaal word uit 4:13,15, onderstreep die verbond wat God met ons kom maak het deur die koms van Jesus en van die Gees om hierdie liefdesband te smee. Daarmee word die gedeelte afgesluit as die basis van 4:17-20, oor die praktiese toepassing van God se liefde in ons. Dit moet aktief en aanhoudend uitgeleef word. In 4:11-16 word liefde nie sentimenteel beskryf nie. Om in God se liefde te leef beteken dat ons hele lewe deur God se liefde bepaal moet word, en dat dit prakties toegepas moet word in ons liefde vir ander. Die kern van die godsdiens is liefde tot God, en die liefde vir die medemens is die fondament van moraliteit.

**Skrywer:** Prof Francois Malan

---

# **Die Eerste Brief van Johannes: Die vierde vereiste vir kinders van God – om lief te hê (vervolg) (b) God se liefde as dryfeer om lief te hê (4:11-13) – Francois Malan**

Ná die digterlike gedeelte oor God as die bron van die liefde (4:7-10), volg 'n stuk prosa oor die inspirasie wat God se liefde in ons bewerk (4:11-16). Die evangelie is gebou op die liefde van God, wat daarna soek dat ons in liefde daarop sal reageer. Die kennis dat God liefde is, moet tot 'n lewe van liefde lei:

4:11 'Geliefdes!, aangesien God ons só liefgehad het, behoort ook óns mekaar lief te hê.' Wie ook al God se onbegryplik-grote liefde ervaar het, is onder verpligting om dit aan ander deur te gee. Dit is die vrug van die Heilige Gees se werking in ons (Gal. 5:22). Johannes sê nie ons moet God liefhê omdat Hy ons só liefhet nie. Dit word moontlik geïmpliseer. Maar God se liefde kan nie op 'n ander manier in die wêreld gesien word nie as dat ons mekaar liefhet. Dit is die regte reaksie op God se liefde vir ons (vgl. by 4:12; Joh 13:35; 17:21).

Liefde is 'n gawe van God, maar ook 'n opdrag, 'n liefdesplig, nie 'n opsionele ekstra nie. Dié opdrag is nie te swaar nie, omdat God se opgawe deel uitmaak van sy gawe – Hy stel ons ook daartoe in staat. Hy is die kragbron van ons liefdesbetoon,

wat vryelik na ander kan vloei, deurdat Hy ons vry maak van hindernisse en die selfsug in onself. Wat dit behels word in die volgende verse verder beskryf.

4:12 'Niemand het God ooit aanskou nie' (nie sy stem gehoor of gestalte gesien nie, behalwe net die Seun; Jn 1:18; 5:37; 6:46), 'maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons...' en so kan mense God leer ken, sy liefde 'sien,' in mense wat aan Jesus verbind is se liefde vir mekaar. Deur sy liefdesoffer aan die kruis het Jesus die Vader se liefde geopenbaar. Die God van liefde woon in die gelowiges deur sy Gees. Deur die gelowiges se onderlinge liefde, maak Hy sy liefde aan ander bekend.

Johannes bestry die dwaalleraars wat beweer dat hulle God ken en liefhet, maar sy gebod om ander lief te hê, verontagsaam. Maar as ons mekaar liefhet, weet ons dat God liefde is, dat ons Hom ken en liefhet, dat Hy in ons woon en dat Hy ons vrymaak van onself, om sy liefde uit te straal en uit te lewe na ander toe. Ons onderlinge liefde is die bewys dat God in ons bly (Jn 17:20-26).

'...en het sy liefde in ons tot vervulling gekom' – God bereik sy doel daarmee; sy soort liefde vir ons, en ons liefde vir Hom word ten volle uitgewerk/gerealiseer in die liefdesgemeenskap van die gelowiges en ons optrede teenoor ander buite die geloofsgemeenskap (vgl. 1 Jn 2:5).

Johannes beskryf drie waarhede oor die liefde van God om ons te lei tot liefde onder gelowiges: i God is liefde (4:8-9); ii God het ons lief (4:10-11); iii God bly in ons en werk sy liefde in en tussen ons uit (4:12).

4:13 Dat God in ons bly (4:12) word hier verder uitgewerk: 'Hieraan weet ons dat Hy in ons bly en ons in Hom:...' Waar 3:9 van die individuele gelowige gepraat het, word hier na die

gemeente, 'ons,' verwys, dat God in die onderlinge liefdesgemeenskap bly, en die gemeente op die regte spoor is as hulle mekaar liefhet.

'...Hy het ons aan sy Gees laat deel kry.' Gelowiges ontvang 'n aandeel aan die Gees van God wat die hele kerk van Christus vul. Die Gees oortuig ons dat God, wat liefde is, in ons bly (Jn 14:23). Só help die Gees ons om mekaar lief te hê en deur ons onderlinge liefde seker te wees van ons kindskap van God (Rm 8:16). Om in God te bly, beteken dat ons sy gebooie gehoorsaam, naamlik dat ons in Hom moet glo en mekaar moet liefhê (vgl. die rol van die Gees daarin; 3:23-24; 4:1-3). Die onderlinge liefde beteken dat ons mekaar sal verdra en vergewe en dien (Efesiërs 4:1-5; Ef 5:1-2; Flp 2:1-5).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

---

## **Die Eerste Brief van Johannes: Die vierde vereiste vir kinders van God – om liefde hê (4:7-5:4) – Francois Malan**

Die herkoms uit God al dan nie, bepaal die aard van die liefde. Uit enige ander bron kan dit mensliewend, welwillend en vriendelik wees, maar skiet tog te kort in die weegskaal van God se oordeel.



▪ Deel van God se liefde (4:7-10)

4:7 'Geliefdes' – so word die gelowiges ses maal intiem aangespreek in hierdie brief (2:7; 3:2,21; 4:1,7,11). Johannes betoon sy liefde teenoor hulle voordat hy liefde van hulle vra (in die Griekse teks begin die eerste drie woorde met 'n 'a' (*agapetoi, agapoomen allelous*). Hierdie gedeelte, 4:7-10 is in poësievorm geskryf as 'n gedig oor die liefde.

'laat ons mekaar liefhê...' – 2:10 het reeds gesê: wie sy broer liefhet, bly in die lig; 3:11 dat die boodskap van die begin af was dat ons mekaar moet liefhê, en 3:23: God se gebod is dat ons in sy Seun, Jesus Christus moet glo en mekaar moet liefhê ooreenkomstig die gebod wat Jesus ons gegee het (vgl. Joh 13:14-17,35; 15:12). Die vorm van die opdrag om mekaar lief te hê dui aan dat dit 'n voortgaande aksie moet wees, jou hele lewe deur.

'...want die liefde is uit God' – dit is die basis van die opdrag. Dit is nie net 'n opdrag van Jesus of van God nie, maar is gegrond op die wese van God wat self liefde is (4:8,16). Hy is die bron van ons liefde (4:19). Liefde is 'n gawe van God aan ons, 'n gee van Homself aan ons.

'en elkeen wat liefhet, is uit God gebore...' – hierdie tweede sin brei uit op die vorige sin. Die agtergrond van die liefde van die gelowiges is hulle wedergeboorte deur die Gees tot kinders van God (3:24; 4:13; Joh 3:7-8;

vgl. 1 Jn 3:9 God se saad/natuur woon in die gelowige).

Dié wat uit God gebore is '...ken God' – dit druk 'n voortgaande intieme kennis van God uit (5:20 sê dat die Seun van God aan ons die insig en denkwyse gegee het om die ware God te ken). Die geboorte uit God en kennis van God word hier aan die liefde verbind. Wie liefhet, kan weet dat hy uit God gebore is en die ware God ken.

4:8 Die teendeel van vers 7 word hier gestel om die positiewe duidelik in perspektief te stel. Waar vers 7 praat van voortgaande kennis van God by die kinders van God, word hier gesê 'wie nie liefhet nie, het God nie leer ken nie...' – vers 7 praat van 'elkeen wat steeds liefhet;' vers 8 slegs 'wie ookal nie vir God liefhet nie...' en die vorm van die 'nie' en verlede tyd van 'liefhê' in Grieks veronderstel enigiemand wat nog nie in die verlede liefgehad het nie. So word die deur oopgelaat vir die moontlikheid om God te leer ken deur die werking van die Gees om hom te oortuig (Joh 16:8).

'want God is liefde.' – God is nie slegs die bron van liefde nie, maar God is die liefde self. Liefde is nie slegs een van sy werke nie, maar al sy werke is gevul met sy liefde: Hy skep in liefde, Hy regeer en sorg in liefde, Hy oordeel in liefde, alles wat Hy doen is uitdrukking van sy natuur wat bestaan in liefhê, soos dit veral in aksie te sien is in Jesus se optrede op aarde – dit is so verrassend, so nuut, so groots dat dit die mens se verstand te bowe gaan (Ef.3:19). Die Vader se liefde vir die wêreld word gesien in elke aksie van sy Seun wat mens geword het vir ons (1Jn 4:14). Hy trek ons na die gekruisigde Christus toe (Joh 12:32). God is 'n persoonlike God, ons Vriend, wat Hom aan ons in sy Seun openbaar. Liefde is 'n verhoudingsterm. Dat God liefde is, verwys dit na die verhouding tussen die Vader en die Seun en die Gees. Liefde is die eenheidsband tussen die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Joh 3:35; 14:31; 17:24). In hierdie liefdesverhouding is ons opgeneem deur die inwoning van sy Gees in en by ons (Joh 14:16-17; 15:9-10; 17:26).

4:9 'Hierin is die liefde van God aan ons geopenbaar:...' – die liefde wat van God uitstraal is destyds aan mense geopenbaar.' 1 Jn 3:16 het reeds gesê: Hieraan ken ons die liefde: Jesus het sy lewe vir ons afgelê.

'...dat God sy enigste Seun na die wêreld gestuur het...' die vorm van die werkwoord dui 'n handeling in die verlede aan, waarvan die gevolge voortduur. Die 'enigste Seun' is volgens die Ou Testament nie slegs die enigste kind nie (Rigt 11:34), maar ook die geliefde kind (Gen.22:2, soos in Mk 1:11; 9:7).

'sodat ons deur Hom kan lewe' – die werkwoordsvorm dui aan dat ons deur Hom kan begin lewe, die begin van 'n voortgaande proses, waarmee God besig is met ons, waarin ons betrokke is en waarvoor ons self ook verantwoordelik is. 'Lewe' is in 1 Jn 1:1-3 verduidelik as 'n lewe in gemeenskap met die Vader en sy Seun, Jesus Christus (wat self 'Ewige Lewe' genoem word). In Joh 6:57 sê Jesus: 'Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe' – om deur Hom te lewe is 'n lewe wat deur Jesus bepaal en gelei word, nie volgens my eie wil en wense nie, maar soos die Seun vrywillig die wil en wense van sy Vader uitgevoer het.

4:10 Hierdie vers verduidelik hoe ons die Vader se liefde en 'n lewe in sy liefde kan beleef 'deur' die werk van die Seun.

'hierin bestaan die liefde...' – wat die liefde werklik is, word uitgespel: 'nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het...' Dit is nie die mens wat God liefgehad het en daarmee voortgaan nie, maar God se ewige liefde vir die mens het vir Jesus op dié bepaalde tydstip in die geskiedenis gestuur. God is die bron wat liefde skep. Dit word beklemtoon deur die negatiewe en die positiewe stelling in hierdie sin. Die mens se liefde vir God het vér tekort geskied. Maar as die liefde van God deur die Heilige Gees in ons kom woon, kan ons begin om God opreg lief te hê.

'en sy Seun gestuur het as soenoffer vir ons sondes' – die woord 'soenoffer' wys na die middel waardeur sondes vergewe word. Die Seun van God is die enigste soenoffer wat God en mens versoen. Jesus se offer van Homself is deel van die

liefde van God. Die stuur van sy enigste/geliefde Seun as ons soenoffer is deel van die Vader se onbaatsugtige liefde. In 2:2 het Johannes reeds gesê: 'Jesus is die versoening vir ons sondes; en nie net vir ons sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.' Hy het ons sondeskuld en sondesmet op Hom geneem, en alles opgeruim wat skeiding tussen God en die mens maak. God het ons gerehabilteer en neem ons weer op in sy gemeenskap. Daar kan geen groter bewys van sy liefde wees nie. Voortaan kan sy liefde ons aanraak, opwek, ons insluit en ons meevoer op sy pad.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)